NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 12 – Uitgawe 42
23 Januarie 2020

Die volgende drie jaar

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het van 12 tot 15 Januarie 'n bosberaad gehou om die Kommissie se werksaamhede vir die volgende drie jaar te beplan.

Die bosberaad het plaasgevind op die Viljoenskroon-kampterrein, wat deur Gemeente Potchefstroom bedryf word. Die asemrowende natuurskoon en uiters netjiese en doelmatige fasiliteite het bygedra tot ontspanne en produktiewe werksessies. Die resultate van die bosberaad sal tydens Maart se Kommissievergadering bekragtig en aan ringe deurgegee word. Dit sal ook tydens die komende Inligtings- en Besprekingsvergadering (18 Maart) verder bespreek word.

Tydens die bosberaad is onder andere oor die herindeling van die ringe gepraat. Ringskommissies en kerkrade word genooi om tot en met Vrydag 21 Februarie kommentaar te lewer op die eerste konsepvoorstel vir 'n herindeling van ringe soos dit in die agenda van die 72ste AKV opgeneem is. Die Kommissie sal die terugvoer bespreek en 'n tweede konsepvoorstel aan die Inligtingsvergadering voorlê vir bespreking.

Besluit 1 van die 72ste AKV is ook breedvoerig bespreek. Dit vra vir sinergie en konsolidasie van sinodale en gemeentelike werksaamhede. Die Kommissie het die voortbestaan van gesonde gemeentes en toegewyde evangeliebediening as die hoogste prioriteit gestel. Die rol van ouderlinge, diakens en lidmate sal toenemend belangrik word, veral waar gemeentes nie meer die dienswerk van voltydse predikante kan bekostig nie. Die Kommissie van die AKV wil gemeentes ondersteun deur fasilitering, begeleiding en toerusting beskikbaar te stel met die hulp van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening en die Hervormde Teologiese Kollege. Aangesien sinodale bydraes so laag moontlik gehou word om dit vir gemeentes makliker te maak om hul finansiële verpligtinge na te kom, is daar nie fondse om gemeentes finansieel te ondersteun nie. Die Kommissie kan egter gemeentes op ander maniere ondersteun, onder andere met toerusting en begeleiding.

Die derde belangrike saak wat bespreek is, is die samestelling van kernkomitees wat die Kommissie ondersteun in die uitvoering van die besluite van die 72ste AKV. Die kernkomitees het opdrag ontvang om kundige predikante en lidmate te betrek by die werksaamhede van die komitees en die uitvoering van AKV-besluite. Die kernkomitees verteenwoordig ook belangrike aspekte van die Kerk se werk. Nuwe en belangrike byvoegings is die komitee wat aan ekologiese kwessies aandag moet gee, asook die komitee wat aan diensverhoudings aandag gee. Ingesluit hierby is die besluite wat die AKV oor die verteenwoordiging en rol van vroue in die Hervormde Kerk geneem het.

Die kernkomitees, met verantwoordelike lede van die Algemene Kommissie, is soos volg:

- Erediens: Ds Hannes van der Merwe en oudl Petro van Niekerk.
- Diakonale Dienswerk: Ds Willem Kok, oudl Daniël Esterhuizen en oudl André Pieterse.
- Gemeentelike Dienswerk: Ds Colin Hertzog, oudl Faan Beeslaar en oudl Dries le Roux.
- Kerk, Teologie en Etiese Sake: Prof Wim Dreyer en oudl Simon Kotzé.
- Diensverhoudings: Ds Leon Geel (sr) en oudl Simon Kotzé.
- Ekologie: Dr Sanrie de Beer (sekunduslid), oudl Nanette van Staden en oudl Pieter Mulder.
- Finansies: Oudl Fred Paynter sal die Kommissie in die Raad van Finansies verteenwoordig.

Die Kerk se finansies het ook besondere aandag ontvang. Ondersoek sal ingestel word na maniere om die Fonds vir Sinodale Dienslewering uit te bou. Die ideaal is om gemeentes gedeeltelik of volledig van sinodale offergawes vry te maak. Dit sou moontlik wees indien die Fonds tot ongeveer R200 miljoen kan groei. Die Raad van Finansies sal versoek word om die moontlikhede te ondersoek en voorstelle in hierdie verband aan die Kommissie van die AKV voor te lê.

Tydens die bosberaad het die Kommissie diep onder die indruk gekom van die uitdagings wat gemeentes in die gesig staar. Ons leef in 'n getraumatiseerde samelewing wat dikwels spanning en konflik veroorsaak. In 'n tyd soos dié, moet die Hervormde Kerk die liefde van God uitleef en verkondig.

Prof Wim Dreyer
Visevoorsitter: Kommissie van die AKV

Lief en leed

- **Ds BF (Berend) Greyling** (61) is op Woensdag 15 Januarie oorlede na sy stryd die afgelope jaar met kanker. Die gedenkdiens was op Dinsdag 21 Januarie vanuit Gemeente Bethlehem; dr Frikkie Labuschagne het die diens gelei. Ons innige simpatie gaan aan mev Leonie Greyling en hul familie. Ds Greyling is op 29 April 1984 in Voortrekkerhoogte georden vir diensplig te Oshakati, en het gemeentes Bethlehem, Reitz en Grootfontein/ Tsumeb bedien. Hy het in 2019 met siekte-emeritaat gegaan. **Op die foto** is dr Frikkie Labuschagne en ds Errol Sheppard saam met ds Greyling ’n week voor sy afsterwe.

- **Mev Daleen van Staden, dogter van emerituspredikant ds Tony en Wallie Simpson,** en vir baie jare lidmaat van Gemeente Weltevreden, is Vrydagaand trompop doodgeskiet nadat sy en haar man, Herman, ’n eetplek in Honeydew, Johanneburg, verlaat het en in die parkeerterrein deur drie rowers oorval is. Ons innige gebede gaan uit na die hele familie, in besonder Herman en hul kinders Tasha en HJ, Daleen se tweelingsuster Esther wat saam met haar man Pierre ook jarelange lidmate is, en ds Tony en tannie Wallie en hul twee seuns, Charl en Gawie. Die troosdiens vind Saterdag 25 Januarie om 10:30 plaas in Gemeente Randburg.

- **Mev HH (Este) Viljoen** (83) is op 29 Desember 2019 oorlede. Sy was die weduwee van ds JH (Hannes) Viljoen, wat op 23 April 2014 in die ouderdom van 77 jaar oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan mev Viljoen se familie.

- **Emerituspredikant ds Japie en Yvonne Coetzee se seun, Hannes,** ’n onderwyser, is tydens ’n skoolkamp in Elgin ernstig beseer toe hy met ’n glytou oor die rivier gegly en ongeveer 20 meter na benede geval het tot op die rotse by die water. Dit het vier ure geneem om hom daar uit te bring tot by hospitaal. Hy is Maandag oorgeplaas na die Mediclinic in Durbanville. Ons bid hom en sy gesin baie sterkte toe in hierdie moeilike hersteltyd.

Die Shaw-gesin

- **Ds Elmien en Derrick Shaw** van Gemeente Swartkop se eersteling, Grayson Shaw, is op 14 Oktober 2019 gebore. Ds Elmien sê hy is ’n vriendelike hartedief, en dis ’n voorreg om ouers te mag wees en die liefde van die Here op dié manier te mag ervaar. Baie geluk!

- **Prof JH (Johan) Koekemoer** se 60ste ampsjubileum vind plaas op 26 Januarie om 09:00 in Gemeente Selcourt.

Prof Johan Koekemoer

- Die volgende predikante vier vanjaar hul **ampsjubileums**:
  25-jaar-jubileum
  - Ds GS (Stephan) Botha (jr) – Groot Marico
  - Dr RA (Rudy) Denton – Potchefstroom-Studente
  - Ds GDJ (Gert) Macdonald – Nelspruit
  - Ds JT (Jimmy) Manders – Witfontein
  - Ds WF (Werner) Venter – Schoemansdal
  - Ds PJ (Hannes) Wolmarans – Secunda

  50-jaar-jubileum
  - Dr PJ (Paul) de Beer – emeritus
  - Prof TFJ (Theuns) Dreyer – emeritus/Montana/Rustenburg-Suid
  - Prof JA (Jimmie) Loader – emeritus/buiteland
  - Ds LJ (Louis) Steyn – emeritus
  - Ds WH (Wilhelm) Steyn – emeritus
  - Prof WC (Wouter) van Wyk – emeritus

60-jaar-jubileum
- Prof JH (Johan) Koekemoer – emeritus
- Prof GMM (Gert) Pelser – emeritus

70-jaar-jubileum
- Ds PS (Piet) van Staden – emeritus

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 23 Januarie:	Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal)
o Vrydag 24 Januarie:	Ds HMJ (Marius) Kramer (Krugersdorp-Oos)
o Saterdag 25 Januarie:	Di R (Riaan) Botha (Standerton), PJJ (Pierre) Kotze (emeritus) en A (Annieka) Pottas (Montana)
o Sondag 26 Januarie:	Di BM (Marita) Engelbrecht (Komatipoort), RL (Richard) van der Westhuizen (Tzaneen) en M (Marsulizé) van Niekerk (Windhoek)
o Maandag 27 Januarie:	Ds WE (Elmien) Snyman (Sundra)
o Dinsdag 28 Januarie:	Ds S (Sanet) van der Walt (beroepafwagtend)
o Woensdag 29 Januarie:	Prof J (Jaco) Beyers (UP/Centurion-Oos), di L (Leon) Geel jr (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (Rietvallei)
o Donderdag 30 Januarie:	Ds MCE (Eksteen) Botes (Nelspruit)

Gemeentes en bediening

- Die **viering** van die nuwe gemeente **Pretoria Noorderlig** vind plaas op **Sondag 2 Februarie** om 11:00 in die Rolbalklub van Pretoria-Noord, Jan van Riebeeckstraat 287. Hierdie nuwe gemeente spruit uit die samesmelting van gemeentes Pretoria-Noord en Theresapark. Noorderlig word voorlopig deur **dr JP (Johan) Bester** bedien. Oudlidmate, oudpredikante van die twee gemeentes en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi na hierdie feestelike geleentheid. Bevestig u teenwoordigheid asseblief **voor 26 Januarie** by **gouws.martinus@gmail.com** / **jbester@mweb.co.za** / **pretorg@lantic.net** of stuur ’n SMS of WhatsApp-boodskap aan een van die volgende persone: Dr Johan Bester (082 455 1636); oudl Martinus Gouws (079 977 6724); oudl Gert Pretorius (082 552 3590).

- Die **akademiese openingsdiens** van UP se **Fakulteit Teologie en Religie** vind plaas op **Vrydag 14 Februarie** van 10:00 tot 11:30 in die Musaion op die Hatfieldkampus. Die diens sal gelei word deur die dekaan, prof Jerry Pillay, en ligte verversings sal na die opening bedien word.

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) vind plaas op **Woensdag 19 Februarie**.

- ’n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor ’n herindeling van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur. Meer besonderhede sal later deurgegee word.

- **Vakature: Leraarpos, vastetermyn.** Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk **in Harare** stel hiermee gesamentlik hierdie vakature bekend.

  Gemeenteprofiel: Die twee gemeentes het ’n samewerkingsooreenkoms gesluit en beroep saam ’n leraar wat albei gemeentes sal bedien. Gesamentlike eredienste word reeds gehou, terwyl ook besluit is om bedieninge in die gemeentes en gemeenskap te koördineer. Die gemeentes is tipiese stedelike gemeentes en bestaan grootliks uit ouer persone. Daar is

ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die pos is ’n **vastetermynpos vir 3 jaar** wat met wedersydse instemming verleng kan word.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat moet volledig en goed **tweetalig** wees (Afrikaans- en Engelssprekend – eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei); verkieslik ’n getroude persoon wees; as gevolg van hoë skooluitgawes, verkieslik geen skoolgaande kinders hê nie; oor ’n fyn aanvoeling vir bediening aan alle ouderdomsgroepe beskik; en goeie gesondheid geniet. Die gemeentes **sal ’n lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, baie sterk oorweeg.**

Posbeskrywing: Die predikant moet die nuutgevormde samewerking tussen die NGK en die NHKA as een gemeente kan hanteer en uitbou, en sy/haar pligte volgens KO Artikel 9 van die NGK en die kerkordelike bepalings 2.1.5. van die NHKA uitvoer.

Vergoedingspakket: Vergoeding en byvoordele sal tydens ’n onderhoud verstrek word; gemeubileerde huisvesting is beskikbaar; en ’n voertuig vir gemeentelike gebruik in Zimbabwe word verskaf.

Aansoeke sluit op 31 Januarie 2020. Diensaanvaarding 1 Maart 2020 of so gou moontlik daarna. Aansoeke moet vergesel wees van ’n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en gestuur word aan **drcharare@mango.zw**. Navrae aan oudl Deon Theron +263 77 224 6233 en oudl Rinus Grau +263 71 261 1536. Ds Nicolaas Steenekamp, die konsulent van die NHKA Harare, kan in die RSA gekontak word vir inligting: 073 279 3315. *Die Kerkraad behou die reg voor om nie ’n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.*

Vergaderings

- Vrydag 24 Januarie: Rata 360
  Beleggingskomitee
- Maandag 27 Januarie: Bestuurskomitee (Raad) vir SENTIK
- Woensdag 29 Januarie: Plesion Dagbestuur
  Rata Dagbestuur
- Vrydag 31 Januarie: Oudit- en Risikokomitee

’n Gedig

Haar blomme vang die sonlig op

Haar blomme vang die sonlig op:
lelies en viooltjies, krismisrose
en papawers, die broosste van alles.
Waterdruppels skitter op die blare, elkeen
’n klein heelal waarin die uitspansel weerkaats.
Sy pluk ’n spierwit blom en steek dit
in haar hare; ’n suikerbekkie sing so naby
dat sy half vergeet: haar geliefde kom –
sy pluk haar arms vol vir hom
terwyl ’n binnelied haar hart laat swel.
Sy wag, sy weet sy wag verniet soos elke dag
met blomme in haar hand
dat iemand haar kan sê in watter land
haar byna-man se beendere lê.
Tot die einde van haar verdriet
hoor sy Marlene Dietrich se blommelied.

Dolf van Niekerk
(Uit: *Nag op ’n kaal plein*, 2006)

Allegaartjie

"Op 11 Desember 2019, om 11 vm, bevat die gratis aanlyn ensiklopedie *Wikipedia* 5 980 604 Engelse artikels teenoor 86 926 in Afrikaans. In *Wiktionary* is daar 905 463 Engelse trefwoorde; in die Afrikaanse *Wiktionary* 4 960." (Jana Luther, LitNet, 19 Desember 2019)

Barmhartigheid

- **Spesiale deurkollekte: Sondag 9 Februarie.** Die NHSV is dankbaar dat die Kommissie van die AKV jaarliks elke tweede Sondag van Februarie uitsonder vir die opneem van 'n spesiale kollekte ten bate van die **Beurs- en Leningsfonds van die NHSV**. Ons is ook dankbaar dat gemeentes jaarliks ruim bydra tot die fonds. Die toekennings wat aan ons jongmense gemaak word vanuit hierdie fonds kan nie geringgeskat word nie, en het al menige student gehelp om sy of haar studies te voltooi. Die Hoofbestuur van die NHSV versoek gemeentes weer eens om op **Sondag 9 Februarie** hierdie verdienstelike saak te ondersteun. Inbetalings kan gedoen word in die die volgende rekening: NHSV Hoofbestuur; ABSA; 4051454181. Stuur 'n bewys van betaling na **finansies@nhsv.org.za**. *Opvoeding is ons paspoort na die toekoms. Want môre behoort aan die mense wat dit vandag voorberei* (Malcolm X).

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O Vader van die groot Nederige, Jesus Christus,
skenk my nederigheid as ’n lewenshouding,
sodat ek bereid sal wees om
my afhanklikheid van U en ander te besef,
my foute en onkunde te erken,
ander se raad te verwelkom,
en na billike kritiek te luister.
Help my om te kyk waar ek kan prys, eerder as om te kritiseer;
om empatie te toon, in plaas van veroordeling;
om te bemoedig, in plaas daarvan om af te kraak;
op te bou, in plaas daarvan om met negatiwiteit te vernietig.
Kortom, Here: Help my om aan ander mense te dink
uit die oogpunt van hulle goeie eienskappe,
en nie hulle gebreke nie.
Want as ander dit nie met mý doen nie,
hoe sal ek ooit op vriendskap of aanvaarding kan hoop?

William Barclay
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienné Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk